NG Kerk Randburg

Kontakweek – November 2022

2023 … een trappie op!

Daar is die bekende storie van die predikant wat nogal baie geleerd en hoog gepreek het. Een van sy lidmate het dit gewaag om te vra … "*dominee, hang jy nie voer bietjie hoog op vir die perde nie*?" En sy antwoord was … "*as ek nie die voer hoog hang groei hulle nekke nie*". Iets van die gevaar van gewoond raak aan dinge soos dit is lê in die antwoord opgesluit. In die na-Covid tyd beleef ons op soveel maniere dat nekke ingetrek is … onseker … bang om nek te rek vir iets meer … so baie mense … ja, ongelukkig ook "*kerkmense*" .. het gewoond raak aan met minder tevrede wees.

Dit laat ons in 'n afwaartse spiraal beland wat nie plek maak vir die Gees van God wat ons lafhartigheid wil breek en ons vul met krag en liefde en selfbeheersing … om gehoorsaam en opgewonde en doelgerig te bly kies vir die werk wat God vir ons in en deur Sy kerk gee. Hierdie waarheid sal ook Randburg se 2023 lewe beheer … 'n opwindende belofte van dinamiese groei na nuwe hoogtes … *one step up* … ons bly nie soos ons is … **ons klim een trappie hoër** …

Dit sal die inhoud van ons waardes bepaal …

Ons groei dieper … met die herstel van 'n *nuwe erns oor die erediens* … spesifieke *fokusweke* vir die volle omvang van ons lewe … huwelik, gesin, gebed, groei … *kwartaal-feeste* om die diepte van die kerklike seisoene te vier … toepaslike *groei-stukke* om ons sterker dissipels te laat wees. *Familie-fokus en Jeugwerk* is twee karperde wat met vars inhoud die *verbintenis van elke ouer en kind vra*.

Ons behoort nader … met die groter en sterker *verbintenis van lidmate aan mekaar* … met meer omgeegroepe … groter sorg-groepe … miskien *gesins- of inter-generasie verbintenisse* … maar dit vra mense … gelowiges wat "*behoort aan mekaar*" nie as keuse maar as noodwendig aanvaar. Nuwe lidmate bevestig deur die bank dat Randburg se *omgee-aard kosbaar* is en versterk moet word.

Ons dien verder … met 'n *eerlike besef dat die samelewing* rondom ons "adres" in Ferndale oorloop van nood en geleenthede. Natuurlik ook 'n onbekende en selfs vyandig samelewing … maar in Jesus sal ons grense oorsteek en nuwe voetspore van Sy liefde aanhou trap. Ons sal al meer hande vat met die *gemeenskapsforums* en die *kerkgenootskappe* in die groter Randburg gebied.

Ons gemeenskap en ook lidmate reageer met skok oor die **gemeentes in ons omgewing wat doodgeloop** het. Almal wonder hoe dit gebeur … *het die predikante nie hulle werk gedoen* … het *lidmate nie hulle verantwoordelikheid nagekom … het hulle kerkrade nie planne gemaak nie* … **maar dit is nou te laat** … **mag ons die woorde hieronder betyds waarheid maak in Randburg.**

Maar nou, skep moed, sê die Here! Begin met die werk, want Ek is by julle, sê die Here die Almagtige. [5] My belofte sal Ek nakom: my Gees sal altyd by julle bly. Moenie bang wees nie! [9] Die roem van die tempel sal in die toekoms groter wees as in die verlede, sê die Here die Almagtige. Op hierdie plek sal Ek vrede gee, sê die Here die Almagtige. (Parafrase van Haggai 2:4-9).

Hoe lyk die gemeente se mense?

Sondae se eredienste wys beslis iets van die verskeidenheid mense wat aan die gemeente behoort – maar 'n beter prentjie word verkry uit die statistiek van die verskillende ouderdomsgroepe. In November 2022 lyk Randburg so ...



Die huis is mos kerk!

Daar is ongeveer 90 gesinne met kinders in die gemeente - en ons verwelkom gereeld nog gesinne wat by die gemeente aansluit. Ons sê oor en oor ... gesinne is 'n **God-gegewe geskenk** en die plek wat Hy gee waar geloof gevorm en geleef word ... **die huisgesin is kerk in die kleine** ... *sê die huweliksformulier*!

In Randburg wil Familie-fokus die gesin tot volle reg laat kom as plek waar ons **lees en leer, dien en leef** ... en dit skep wonderlike geleenthede om ...

- **Ouers te versorg en toe te rus om betroubare geloofsvoorbeelde** ... met 'n Christen–huwelik en Christen-ouerskap.
- **Kinders se geloofsbelewing deur die fases van verwondering, verbintenis en verdieping** ... met gesinne wat eie rituele en gewoontes skep. Die handleiding kom vir 2023.
- **Inter-generasie verbintenisse** met ander lidmate vir diens en sorg ... om van mekaar te leer en mekaar te versterk. Die praktyk kry vroeg in 2023 inhoud!

www.ngrandburg.org is ons webblad vol belangrike weekliks. Die skakels na die eredienste, alle vorms en afkondigings is ook op die

www.facebook.com/ngkerkrandburg is 'n openbare blad en dit vereis om toegang te kry nie. Dit skep 'n plek waar lidmate met mekaar kan praat.

Merk vir 2023

Die nuwe kalender word tans versprei – maar merk solank op die program:

5 Feb	**Jeug-uitstappie**
13 Feb	**Huweliksweek**
18 Feb	**Huweliksfees-ete**
24 Feb	**Basaar**
4 Mrt	**Gebed-safari**
5 Mrt	**Gebedsweek**
26 Mrt	**Paas Sangfees**

Neem-'n-bejaarde-aan loop mooi ...

Iewers in die kerk se gemeentebou-literatuur word die jeug as wesenlike deel van die gemeente aangedui. Natuurlik ook korrek so! Maar dit is ook waar van bejaardes ... en Randburg se profiel bevestig dit. Ons bejaardes het uiteenlopende behoeftes ... fisies, emosioneel en sosiaal. Lidmate wat reeds so 'n bejaarde aangeneem het getuig van die seën wat hulle ervaar. Gesels asb met ds Servaas hieroor.